HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145
Faks: 041-5813118

E-pos: dfm@telkomsa.net

Veertiende Laan
WALMER
6070

16 April 2008

OMSENDBRIEF 4/2008

Geagte Ouers/voogde

Ons wil graag u aandag vir die volgende sake vra:

1. **Ondersteunersklub**

Die DFMOK nooi **alle** ouers en ondersteuners uit na 'n Steakbraai eerskomende Vrydagaand, 18 April om 19:00 in die Roets-saal (die paviljoensaal). Die koste is R40 vir 'n lekker steak – volgens u smaak gebraai – met slaai. 'n Kontantkroeg sal beskikbaar wees. Bring u eie eetgerei. Hierdie geleentheid is op die vooraand van ons eerste tuiswedstryde van die seisoen, MAAR dis definitief nie net vir dié van ons wie se kinders die volgende dag deelneem nie. Dit is veral 'n kenmekaar-geleentheid vir almal – of die kinders nou aan sport deelneem of nie. Kom kuier gerus saam en maak daarvan 'n lekker DF-aand. U moet asseblief teen Donderdag 17 April die skool of DFMOK laat weet vir hoeveel mense hulle moet regmaak.

2. **Beheerliggaam**

Die Beheerliggaam het ook u aandag gevra vir die volgende:

2.1 As daar enige van u is wat belang stel daarin om deel te word van 'n beleggingsgroep met die oog op die eiendomsmark moet u asseblief met die skool kontak maak voor óf op 25 April 2008.

2.2 Ons is op soek na iemand wat as 'n skakelpersoon tussen Rezone en moontlike kopers of verkopers van eiendomme kan optree. As u belang stel of iemand wil voorstel, kan u ook met dr. Geyer of met die skool skakel. Onthou asseblief die aanbod van Rezone dat hulle die skool en die persoon wat eiendomstransaksies na hulle verwys, sal vergoed.

2.3 U word ook herinner aan die uitnodiging om op enige van die komitees van die Beheerliggaam te dien.

3. GELUKWENSINGE

Baie geluk aan die volgende Malherbiet en sy ouers:

3.1 **Karate:** Jannie Joubert het op 8 Maart aan die Despatch Karate Klub-kompetisie deelgeneem en 'n goue medalje in die kata-afdeling en 'n goue medalje in die kumite-afdeling verower.

Dankie vir u aandag.

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF